

## “Nooi die lewende Christus met oorgawe in jou lewe in!”

Teen die agtergrond van die Paasgebeure sien ons die opgestane Jesus in hierdie gedeelte op pad saam met twee dissipels. Dit is laatmiddag van daardie eerste Sondag ná Goeie Vrydag, enkele ure nadat Jesus as Oorwinnaar uit die newels van die dood tevoorskyn getree het.

Natuurlik is Jesus begerig om die Goeie Boodskap van sy opstanding met sy dissipels te deel. Dit is tog immers die evangelie wat hulle lewens die moeite werd maak! Maar let nou op die besondere optrede van ons Here in vers 28. Dit is 'n byna terloopse mededeling: “Toe hulle by die dorpie (Emmaüs) kom waarheen hulle op pad was, het Hy **gemaak** of Hy verder wil gaan.”

Eie aan sy aard, wil Jesus die Emmaüsgangers graag seën. Hy wil graag saam met hulle in hulle huis ingaan en Hy wil die lig van sy oorwinning oor die duiwel en die dood in elke hoekie van hulle huis laat skyn. Maar nogtans “maak Hy” of Hy verder wil gaan! Waarom?

Die antwoord is beskamd vir die arrogante mensdom van ons tyd. Dit gaan oor goeie maniere. Ten spyte van die feit dat Hy hier as verheerlikte Christus optree, is Hy steeds so opreg nederig en hoflik dat Hy nie maar net aanvaar dat Hy welkom is in die huis van sy twee medereisigers nie. Hy forseer Hom op niemand af nie. Hy wag om genooi te word! En as dít dan gebeur, as hulle by Hom “aandring”, dan neem Hy die uitnodiging met oorgawe aan. Hy gaan saam met hulle in en maak hulle huis vol met die lig van sy opstanding!

Jesus dwing Hom ook nie op jóú af nie. En tog is Hy altyd daar: begerig om te seën; ryk te maak; jou beker te laat oorloop en die vrugte van sy opstanding met jou te deel. Maak daarom jou arms en jou deure wyd oop vir Hom. Laat die lieflike geur van jou liefde, heiligheid en opregtheid jou Gas altyd soos brandende wierook inwag. Dan sal Hy weet Hy is welkom en Hy sal inkom om saam met jou 'n feesmaal te hou!

Sing: Skrifberyming 2-1:1 ,5 ,6, 7

Ds JJ Cloete (Koster)